Bronberg
AKADEMIE
waarheid lig liefde

Hier vind jy
gelukkige kinders

# PROSPEKTUS 2024

# INHOUDSOPGAWE


| | |
|---|---|
| VOORWOORD | **1** |
| VISIE | **1** |
| MISSIE | **1** |
| EREKODE | **1** |
| ALGEMENE INLIGTING | **1** |
| SKOOLTYE, VAKANSIEDAE EN SKOOLKWARTALE | **1** |
| VAKANSIEDAE EN SKOOLKWARTALE | **2** |
| KLEREDRAG | **3** |
| SKOOLGELD | **3** |
| TOELATINGSVEREISTES | **4** |
| DISSIPLINE | **4** |
| HANDBOEKE, KLASKAMERTOERUSTING EN –APPARATUUR | **5** |
| SPORT | **5** |
| AFSPRAKE MET PERSONEEL | **5** |
| D6-KOMMUNIKEERDER | **5** |
| VORDERINGSVERSLAE | **5** |
| BEWEGING VAN VOERTUIE OP DIE SKOOLTERREIN | **6** |
| OPLAAI EN AFLAAI VAN LEERDERS | **6** |
| TOEMAAK VAN HEK(KE) | **6** |
| TOELAAT VAN VREEMDE PERSONE | **6** |
| VERJAARSDAE | **6** |
| SKRYFBEHOEFTES | **7** |
| PERSOONLIKE BESITTINGS | **7** |
| AFWESIGHEDE | **7** |
| MEDIKASIE EN ALLERGIEË | **7** |
| VERVERSINGS EN VOEDSEL | **7** |
| SAALOPENING | **7** |
| PERSONEELKAMER | **7** |
| NASKOOLSENTRUM | **8** |

## GEAGTE OUERS/VOOGDE EN LEERDERS

Hartlik welkom by Bronberg Akademie (Edms) Bpk waar onderrig gegrond is op Christelike waardes en beginsels met Afrikaans as amptelike voertaal en medium van onderrig. **Bronberg Akademie (Edms) Bpk is 'n geregistreerde hoofstroom Privaatskool by die Gautengse Departement van Onderwys (2016/282067/07) en is geakkrediteer by Umalusi onder privaatskole.**

Ons streef daarna om ‘n gelukkige en geborge omgewing te skep waarbinne elke leerder sy of haar volle potensiaal kan bereik - ‘n Omgewing waar elkeen met waardigheid en respek ondersteun word deur entoesiastiese, vasberade en toegewyde personeel. Ons fokus op die skep van ‘n kultuur van werksywer en deursettingsvermoë en om aan elke afsonderlike individu met inagneming van sy of haar talente, uitdagings en vermoëns, eiesoortige leergeleenthede te bied.

**VISIE**

Bronberg Akademie (Edms) Bpk. se visie is om binne die konteks van ‘n Christelike waardesisteem ‘n leergerigte omgewing te skep waarbinne leerders hul maksimum potensiaal kan bereik.

**MISSIE**

Die fokus en strewe van Bronberg Akademie (Edms) Bpk. is:

- ✓ Die toerus van leerders met intellektuele, emosionele, sosiale en fisieke lewensvaardighede;
- ✓ Die aanstel van gespesialiseerde personeel;
- ✓ Die daarstel van ‘n gekoesterde veilige omgewing; en
- ✓ Om voorsiening te maak vir individueel gerigte leer binne die konteks van tempo-gebaseerde onderrig.

**EREKODE**

By Bronberg Akademie (Edms) Bpk.

- ✓ Dien ons die Here;
- ✓ Respekteer ons alle mense en hul besittings; en
- ✓ Gee ons elke dag ons heel beste.

**ALGEMENE INLIGTING**

**SKOOLTYE**

| | |
|---|---|
| Gr. RR – 3 | 07:30 – 13:00 |
| Gr. 4 – 7 | 07:30 – 13:30 |

**POUSE**

| | |
|---|---|
| 09:36 | Eerste pouse (15 min) |
| 11:44 | Tweede pouse (30 min) |
| 13:30 | Middagete vir Naskool |

**VAKANSIEDAE EN SKOOLKWARTALE**

Bronberg Akademie (Edms) Bpk. is gesluit tydens openbare vakansiedae en geen toesig is beskikbaar nie. Skoolvakansies is redelik in lyn met G.D.O. vakansies. Bronberg Akademie (Edms) Bpk. volg die **ISASA Onafhanklike Skole se 4-termyn**

**kalender.** September- en Desembervakansies mag egter met 'n paar dae verskil. Skoolkwartale word aan die begin van elke jaar gestipuleer in die Bronberg Akademie (Edms) Bpk. jaarprogram.

**KLEREDRAG**

Leerders moet te alle tye geklee wees in die voorgeskrewe skooldrag. Geen andersoortige pette, hoede, plakkies, tekkies, anderskleurige baadjies, truie, serpe, musse, handskoene of juwele word toegelaat nie. Geen armband of geestelike bandjies mag om arms of enkels gedra word nie. Slegs 'n mediese bandjie met inligting i.v.m. 'n allergie of ernstige mediese toestand is aanvaarbaar.

**HARE:**

**Seuns** – kort, geen lyne en/of lang kuiwe nie.
**Dogters** – hare wat aan die hemp se kraag raak, moet vasgemaak word met effekleur rekkies of linte. Hare mag nie in die oë hang nie en dogters mag nie hul hare kleur nie.

**SOMERSDRAG:**

**Seuns**
Blou Gholfhemp met skoolwapen
Suede leer vellies of kaalvoet
Skoolkouse (somerskouse / winterskouse)
Kortbroek

**Dogters**
Skoolrokkie
Wit kort kouse /lang donkerblou sykouse
Swart skoolskoene

**WINTERSDRAG:**

**Seuns & Dogters**
Blou Gholfhemp
Sweetpak
Drymac
Wit kouse
Wit tekkies

**SPORTDRAG:**

Sporthempie & sportbroekie (slegs op sportdae)
Skoolpet

**VERSKAFFERS:** School & Leisure in Parkview-sentrum, vlak 3.

**SKOOLGELD**

'n Jaarlikse registrasiefooi van **R1 500** per kind en **R1 000** vir die tweede en derde kinders in 'n gesin, is betaalbaar by inskrywing**.**

**DIE REGISTRASIE EN HERREGISTRASIEFOOI IS NIE TERUGBETAALBAAR NIE, SOU U NA DIE TYD BESLUIT OM U KIND TE SKUIF OF INDIEN U VERHUIS.**

Stuur asb. bewys van betaling aan **Me. Cecilia Phillips** by **finansies@bronbergakademie.co.za** Vir navrae skakel haar by 010 446 8328.

Die **skoolfooie** is as volg: Skoolfooie is vir **12 maande vooruitbetaalbaar voor of op die 3de van elke maand.**

**Graad RR/R: Eerste kind: R4 400 Tweede & derde kind: R3 860**
**Graad 1 – 7: Eerste kind: R5 750 Tweede kind: R4 200 & derde kind: R4 000**

**Indien u skoolfonds 3 maande agterstallig is, sal u as ouer 1 maand kennis gegee word, waarna u kind nie meer in die skool toegelaat sal word nie, maar u sal nog steeds vir die skulde verantwoordelik gehou word.**

**Korting in geval van 'n eenmalige betaling van die volle bedrag:** Jaarlikse vooruitbetaling in die 1ste kwartaal **voor of op 28 Februarie** - Ons bied u **5% korting** op die totale bedrag vir die jaar. **Dit sluit egter nie die registrasiefooi of naskoolfooi in nie.**

**Rekeningbesonderhede:**
Bronberg Akademie (Edms) Bpk
STANDARD BANK: Lakeside Mall
LOPENDE REKENING: 300344082
TAKKODE: 051001

Indien 'n leerder Bronberg Akademie (Edms) Bpk. verlaat, word **'n volle maand** skriftelike kennis verlang. Kennisname begin op die **EERSTE DAG** van 'n **nuwe** kalendermaand. 'n Skriftelike kennisname moet per e-pos gerig word aan die volgende e-pos adresse: ronel@bronbergakademie.co.za; admin@bronbergakademie.co.za en finansies@bronbergakademie.co.za

**Let Wel:** Ouers/Voogde is steeds verantwoordelik vir die volle maand se betaling al woon die leerder nie meer die skool by nie.

## TOELATINGSVEREISTES

'n Skolastiese en kognitiewe evaluering deur 'n Opvoedkundige Sielkundige, 'n mediese verslag van 'n Pediatriese Neuroloog, vorige skole se verslae asook 'n oueronderhoud dien as voorvereiste vir oorweging. Die leerder woon skool by vir vyf dae waarna ouers formeel ingelig sal word of die leerder toegelaat word, al dan nie. Indien 'n leerder wel toegelaat word, moet 'n kontrak deur die ouers/voogde onderteken word.

## SKOOLREËLS

Dissipline en respek loop hand aan hand. Kinders smag na dissipline en 'n vaste struktuur, want dit laat hulle veilig en geborge voel. Gedissiplineerde kinders funksioneer en vorder skolasties beter.

By Bronberg Akademie (Edms) Bpk. streef ons na die optimale ontwikkeling van elke kind en gedissiplineerde leerders vergemaklik die onderwysers se onderrigtaak. Teen hierdie agtergrond is daar spesifieke reëls vasgepen wat leerders moet nakom: **KONSEKWENTHEID IS DIE WAGWOORD**.

**DIE REËLS IS AS VOLG**:

- ✓ Toon respek – respek vir God, mekaar, jouself, jou eie en ander se besittings.
- ✓ **LEERDERS MOET ELKE OGGEND STIPTELIK EN BETYDS BY DIE SKOOL WEES. Dit is nie aanvaarbaar vir leerders om na 07:30 by die skool te arriveer nie. Dit ontwrig die akademiese klasse.**
- ✓ Kleedkamers – leerders mag slegs een-een die toilet binnegaan, die toilet spoel en daarna hande was. Geen leerder mag die toilet met kos besoek nie. Handdoeke moet netjies opgehang word.
- ✓ Daar is afgebakende speelareas en leerders moet pouses daar speel. Leerders mag nie naby voertuie of in die parkeerarea speel nie.
- ✓ Geen leerder mag pouse in 'n klaskamer vertoef nie.
- ✓ Geen spuug, kougom kou of bakleiery word op die speelgrond of in die klaskamer toegelaat nie.
- ✓ Geen teëpraat of terugpraat met 'n onderwyser sal geduld word nie. **Huiswerk** moet elke dag afgehandel word.
- ✓ Geen speelgoed – insluitend selfone – is toelaatbaar op die skoolterrein nie.
- ✓ Geen vuiltaal word op die speelterrein toegelaat nie.
- ✓ Geen wanordelike gedrag word toegelaat nie.
- ✓ Leerders mag nie die skoolterrein gedurende skoolure verlaat nie.
- ✓ Boelies, fisiese afknouery of verbale aftakeling sal nie geduld word nie.
- ✓ Indien leerders 'n reël drie keer oortree, word die ouers ingeroep en tesame met die hoof en voogonderwysers word die oortreding bespreek en 'n besluit word geneem of die leerder verder in Bronberg Akadamie geakkommodeer sal word.
- ✓ Gebruik die voetpaadjie en moenie deur die parkeerarea met tasse beweeg nie.

Dr. John Battamore, bekende Amerikaanse opvoedkundige is van mening dat kinders sonder dissipline soos 'n kurkprop is wat op die water ronddobber – oppad na nêrens! Kinders wat in gedissiplineerde huise grootword, ontwikkel selfdissipline en ervaar sy/haar skooljare as 'n aangename ervaring. Bronberg Akademie kan egter nooit ouers se opvoedingstaak vervang nie, ons kan dit slegs aanvul.

**HANDBOEKE, KLASKAMERTOERUSTING EN -APPARATUUR**

Handboeke, studiemateriaal, klaskamertoerusting en klaskamer-apparatuur is die skool se eiendom en moet as sulks geag en hanteer word. Alle handboeke moet aan die einde van die jaar in dieselfde toestand terugbesorg word aan die skool as waarin dit ontvang is. Indien handboeke beskadig word, waterskade kry, of wegraak, moet dit vervang word teen u rekening.

**SPORT**

Bronberg Akademie ondersteun die uitgangspunt dat ‘n gesonde liggaam, ‘n gesonde gees huisves. Alle leerders word aangemoedig om aktief aan die georganiseerde sportaktiwiteite deel te neem.

Die leerders word blootgestel aan ‘n verskeidenheid sportsoorte. Hulle leer die basiese vaardighede, tegnieke en reëls in verskeie sportsoorte aan wat hulle in staat stel om op die langtermyn ‘n keuse te maak t.o.v. die sportsoort waaraan hulle wil deelneem. Bronberg Akademie (Edms) Bpk. se sportaktiwiteite het ten doel om ‘n liefde vir sport te kweek en om die waarde van sportmanskap te beklemtoon, sodoende word spangees aangemoedig en deursettingsvermoë gekweek.

**AFSPRAKE MET PERSONEEL**

Indien u ‘n afspraak met ‘n onderwyser verlang, kan die onderwyser per e-pos genader word. U kan ook by ontvangs persoonlik ‘n afspraak maak of e-pos: admin@bronbergakademie.co.za. Geliewe drie moontlike afspraaktye te lys ten einde die onderwyser geleentheid te bied om hul skedule dienooreenkomstig aan te pas. **Let daarop** dat omsendbriewe op klasgroepe geplaas word met belangrike inligting. Vergewis uself van die inhoud en stuur die skeurstrokie geteken terug aan die klasonderwyseres. Leerders se dagboeke moet daagliks gelees en geparafeer word.

**D6 KOMMUNIKEERDER & D6-Connect**

Ons maak gebruik van die D6-kommunikeerder en Whatsapp-klasgroepe om met u as ouer te kommunikeer. Roosters, afbakenings, kennisgewings en omsendbriewe word so versprei. Die volgende skakel kan gebruik word om dit af te laai:
www.school-communicator.com of vind dit ook in die Apple app store of Google Play store, en volg die stappe.

**VORDERINGSVERSLAE**

Vorderingsverslae word twee keer per jaar uitgereik. Na gelang van die behoefte sal afsprake met ouers geskeduleer word.

**BEWEGING VAN VOERTUIE IN DIE PARKEERAREA**

Leerders word deurlopend op- en afgelaai in die parkeerarea. Ouers word versoek om te alle tye bedag te wees op voetgangers. Handhaaf ‘n spoedgrens van 20km/u wanneer u die parkeerarea betree. Leerders moet te alle tye o pdie voertpaadjies bly en nie duer die parkeerarea stap nie.

**OPLAAI EN AFLAAI VAN LEERDERS**

Ouers word versoek om nie onnodige lang tye op die skoolterrein te vertoef tydens die op- en aflaai van leerders nie aangesien dit die vloei van verkeer bemoeilik. **Ouers moet asb. nie later as 07:30 vertoef om met die personeel te gesels nie. U is welkom om 'n afspraak na skool te maak. Die hekke word stiptelik om 07:45 gesluit.**

**TOEMAAK VAN HEK(KE)**
Dit bly elkeen se verantwoordelikheid om toe te sien dat die hek(ke) te alle tye toe is. Die ooplos van hekke word in ‘n baie ernstige lig gesien aangesien die veiligheid van die leerders vir ons ‘n prioriteit is. Geen kind word toegelaat om teen ‘n hek of oor ‘n hek te klouter wanneer ouers hulle afhaal nie. Geen leerder mag op ‘n hek ry of gevra word om die straathek van binne oop te maak nie. Geen kind word toegelaat om alleen by die skoolhek uit te gaan nie. Geen leerder mag buite die hekke wag vir ouers om afgehaal te word nie. Ouers moet asseblief nie voor die ingangs- / uitganghekke parkeer tydens oplaai / aflaai van leerders nie.

**TOELAAT VAN VREEMDE PERSONE**
Geen onbekende persone word toegelaat op die skoolterrein nie. Indien ‘n leerder deur ‘n onbekende persoon af- of opgelaai word, moet duidelike instruksies aan die klasonderwyser gegee word of andersins sal die leerder nie oorhandig word nie. Die persoon moet die leerder uitteken by ontvangs.

**TOELAAT VAN TROETELDIERE**
Geen honde en ander troeteldiere mag die perseël betree nie.

**VERJAARSDAE**
‘n Verjaarsdag is ‘n groot gebeurtenis in elke kind se lewe en ons deel graag daarin. Leerders mag gewone klere aantrek op die dag waarop hulle verjaar en indien dit oor ‘n naweek val kan hulle die daaropvolgende Maandag gewone klere aantrek. Geen verjaarsdagpartytjies word gedurende skooltyd gehou nie, maar leerders mag lekkergoedpakkies of “cup cakes” skooltoe bring wat tydens tweede pouse aan die maats uitgedeel word, terwyl daar vir die verjaarsdagmaat gesing word.

**SKRYFBEHOEFTES**
‘n Lys van skryfbehoefte-benodigdhede word aan die einde van die skooljaar vir die daaropvolgende jaar uitgereik om aan ouers die geleentheid te bied om die aankope gedurende die Desember/Januarie skoolvakansie te doen. Die benodigdhede moet op die eerste dag van die nuwe skooljaar by die leerder se klasonderwyser ingehandig word en elke item moet gemerk wees met die kind se naam en van op.

**PERSOONLIKE BESITTINGS**
Alle kleredrag en persoonlike besittings moet duidelik gemerk wees met die leerder se naam en van daarop. Die skool kan nie aanspreeklik gehou word vir enige verliese van persoonlike besittings nie. Ouers moet dus toesien dat kosbare besittings tuis gelaat word. Geen messe, wapens of vuurwapens mag skool toe gebring word nie.

**AFWESIGHEDE**
Indien ‘n leerder afwesig is, moet die klasonderwyser in kennis gestel word. Doktersbriewe moet ingehandig word na afloop van ‘n siekbed.

## MEDIKASIE EN ALLERGIEË

Medikasie en allergieë van u kind moet aangedui word op die skool se inskrywingsvorm. Die skool mag geen medikasie, soos bv. hoofpyntablette aan ‘n leerder uitreik sonder die toestemming van die ouers nie. Die volgende medikasie is beskikbaar by die skool: Panado, Buscopan, Valoids en keelseerpille.

## VERVERSINGS EN VOEDSEL

Elke leerder moet daagliks ‘n kospakkie saambring skool toe. ‘n Gebalanseerde dieët word voorgestel en kan onder andere uit die volgende bestaan: joghurt, kaas, koue vleis, toebroodjie, biltong, voedsame beskuitjies, vars of gedroogde vrugte, rou groente bv. wortelstokkies, komkommer, ens. Geen lekkergoed of skyfies mag ingepak word nie. ‘n Waterbottel of vrugtesap kan ook saamgestuur word. Gefiltreerde water is te alle tye beskikbaar by die skool.

## SAALOPENING

Elke Maandagoggend open ons in die skoolsaal met sang, skriflesing en gebed. Daar word te alle tye van leerders verwag om die saal ordelik te betree.

## PERSONEELKAMER

Geen leerders word in die personeelkamer toegelaat nie. Versoeke om ‘n onderwyseres te sien kan by die deur gegee word. Daar is egter altyd meer as een personeellid op die terrein aan diens gedurende pouses wat die nodige hulp kan verskaf.

## NASKOOLSENTRUM

Die naskoolsentrum is ‘n verlengstuk van die skool en ouerhuis. Die doelstelling van ‘n naskoolsentrum is om aan die betrokke partye ‘n doeltreffende en positiewe diens te lewer. Dit is ‘n vennootskap wat as gemeenskaplike doel het om ‘n geborge, veilige en liefdevolle omgewing te bied waarin ‘n kind verstandelik, emosioneel en sosiaal kan ontwikkel.

Om hierdie doelstellings te bereik is dit noodsaaklik dat daar na streng en doeltreffende bestuur gekyk moet word. Elke ouer/voog moet ‘n aansoekvorm voltooi wat dien as kontrak tussen die naskoolsentrum en ouer. Alle besonderhede i.v.m. die naskool kan u vind in 'n afsonderlike Prospektus vir die Naskool.

**“Ons kan nie ons kinders volgens ons eie idees vorm nie; Ons moet hulle ontvang en liefhê soos wat God hulle aan ons gee. ”**

**- Johann Wolfgang von Goethe**

Ons bid tot U o Here, dat U op hierdie plek 'n fontein van lewenswater sal oopruk tot heil én redding van U kinders.  Gee dat ons daagliks gevul sal word met U Gees en wanneer ons, ons monde open, lewende water daaruit sal vloei.

Ons vra dat ons met insig, wysheid, liefde en krag sal handel.  Here Jesus, laat U Gees van ons besit neem en ons voetstappe rig.  Mag hierdie skool soos 'n fontein wees waar kinders en ouers 'n toevlug en heenkome sal vind.  Gebruik ons as ligdraers in diens van U.

Ons roem en eer U Naam deur elke kind onvoorwaardelik te aanvaar, lief te hê en na die beste van ons vermoë te lei en te onderrig.  Ons streef daarna om elk van diegene aan ons sorg toevertrou, binne sy/haar vermoë te ontwikkel.

Aan U al die eer.  Ons loof en prys U Heilige Naam.



AMEN